

24 Oktober

**Skrifgedeelte: Matteus 6:24**

**Fokusgedeelte: Matteus 6:24**

### **God en Mammon**

Geld regeer die wêreld – dis die oortuiging van baie mense, en nie sonder rede nie. Die lande en instansies en persone met die meeste geld en ander bates dikteer dikwels die ander wat minder vermoënd is oor wat moet gebeur.

Mammon is die Aramese woord vir geld, en is 'n benaming vir aardse besittings, geld of rykdom wat 'n mens maklik van God vervreem en hom tot 'n slaaf maak (aldus die Woordelys agter in die Bybel). Dis ook nie verniet dat die Bybel meer as een keer praat van die "oneerlike mammon" nie, omdat geld of rykdom dikwels op oneerlike wyse verkry, behou of bestee word.

Geld wat stom is, maak reguit wat krom is. Hierdie gesegde is baie mense se filosofie, met die gevolg dat hulle met geld alles in die lewe probeer regkry en regmaak. Berigte in die media toon dat korrupsie 'n doodgewone manier van optrede op alle vlakke van die samelewing geword het. Ouers probeer die barste in die opvoeding van hulle kinders met geld toestop. Mense soek hulle sekuriteit in rykdom en besittings. Kom ons sê dit maar reguit: geld is baie mense se afgod. Daarvoor offer hulle hul tyd, verhoudings, gesondheid en selfs hulle geloof op.

Natuurlik is dit nie sonde om ryk te wees nie. Die Bybel beskryf duidelik dat mense soos Abraham, Job, Salomo en ander baie besittings gehad het. Persone soos hulle was in baie opsigte 'n voorbeeld en rolmodelle vir die geloof, toewyding en naasteliefde van ander. Om geld egter die fokus van jou lewe te maak, daardeur regeer te word en suinig te wees daarmee, is sonde. Om verknog te wees aan geld en behep te wees met bymekaarmaak van meer en meer rykdom, is teen die wil van die Here. Dan dien jy nie meer die Here met die gawes wat Hy jou uit genade geskenk het nie. 'n Mens moet die waarskuwing van Paulus aan Timoteus ook ter harte neem dat geldgierigheid 'n wortel is van allerlei kwaad (1 Tim. 6:10).

Alles behoort aan die Here en alle goeie gawes kom van Hom af. As Hy jou dus finansiële vermoënd gemaak het, geniet dit dankbaar tot eer van Hom en gebruik dit verantwoordelik om goed te doen aan ander – veral dié wat in nood is.

*Sing: Psalm 119:6 (Totius)*

*Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)*